FELICITAS SKOOL, BRAKPAN
04 MEI 2018

Geagte Ouer / Voog

Welkom terug na die heerlike lang naweek. Glo en vertrou dat u die tydjie saam met u gesinne geniet het.

1. KOMPETISIEBOEKIES
   Die kompetisie het op Donderdag, 26 April 2018 gesluit. Pryswenners van die kompetisie is as volg:
   1 ste plek : Detlef Masee van Alberton
   2 de plek : Antonie Goosen van Brakpan
   3 de plek : Annalie Golesworthy van Kaapstad

   Graag wil ons een en elkeen vir u ondersteuning met die verkoop en koop van kaartjies bedank. Dit was 'n reuse sukses.

   Ons versoek vriendelik dat alle uitstaande kompetisieboekies en gelde so spoedig moontlik ingehandig sal word. Al het u geen kaartjies verkoop nie, moet u steeds die boekies terugstuur. Indien u die boekie verloor het, moet u 'n beëdigde verklaring by die Polisie gaan aflê en dit skool toe stuur. Ons het dit nodig vir oudit-doeleindes.

2. MOEDERSDAG PROGRAM
   Die Moedersdagprogram vind plaas op Vrydag, 11 Mei 2018. Dit is 'n pragtige geleentheid waar ons leerders die kans kry om saam met Mamma te kuier. Ons moedig alle moeders en oumas aan om kaartjies vir die spesiale geleentheid te koop. Indien u nie inligting aangaande die dag ontvang het nie, kontak gerus die skool. Kaartjies word net verkoop tot Maandag, 07 Mei 2018.

3. MUNTLEGGING
   Ons Muntlegging vind plaas op Vrydag, 18 Mei 2018 om sodoende ons skool se verjaardag te vier. Stuur asseblief u kleingeld saam met u kind en ondersteun ons in hierdie fondsinsamelingsprojek.

4. BORG-'n-BLOKKIE
   Baie dankie aan alle leerders wat hul Borg-'n-Blokkie vorms voltooi en indien. Onthou elke leerder wat die vorm voltooi, ontvang 'n heerlike sjokolade as beloning. Ons waardeer u belangstelling en ondersteuning.

5. SPORTDAG
   Felicitas Skool bied 'n Vriendskaplike Sportdag aan waar ons leerders teen 3 ander skole gaan deelneem. Dinsdag 15 Mei 2018: Junior Netbal en Sokker; Donderdag, 17 Mei 2018: Senior Netbal en Sokker; en Dinsdag 22 Mei 2018: Sagtebal. U is welkom om hierdie dae by te woon en sodoende die leerders te ondersteun.

6. WINTERSPELE

'n Groot aantal leerders neem deel aan die Winterspele by Janie Schneider Skool in Klerksdorp op 05, 06 en 07 Junie 2018. Leerders sal teen 8 ander skole kompeteer t.o.v. sokker, netbal, landloop en sagtebal. Alle deelnemers se ouers sal betyds in kennis gestel word van die reëlings.

7. BEHEERLIGGAAM

Baie geluk aan die volgende ouers wat verkies is tot die Beheerliggaam van Felicitas Skool:

Uitvoerende lede:	Mnr. Henry Nienaber	– Voorsitter
	Mev. Jolene Rheeder	– Onder – Voorsitter
	Mnr. Gareth Langton	– Tesourier
	Mev. Magda Tagliaferri	– Sekretaresse
Addisionele lede:	Mnr. Andries van der Walt	
	Mnr. Lawrence Masinga	
	Mnr. Willem Otten	
	Mev. Mariette van Eeden	
	Mev. Juanita Kemp	

8. BELANGRIKE DATUMS

25 Mei 2018	:	Tekkie Tax- dag
16 Junie 2018	:	Jeugdag
22 Junie 2018	:	Skoolverlaters inligtingsdag
		Ouerdag en leerders ontvang hulle vorderingsverslae

Baie dankie.

Vriendelike groete

M.J.VISSER
SKOOLHOOF